

## HOOFSTUK I.

---

### INLEIDING.

#### Taal.

§ 1. Taal is die belangrikste en mees ontwikkelde middel van onderlinge verkeer tussen mense, waardeur hulle aan hulle gevoelens uiting gee en hulle onderskei van die redelose diere. Gebare, gesigsuitdrukking en liggaamshouding kan ook tot op sekere hoogte dien tot vertolking van gevoelens; onder menslike taal word egter gewoonlik verstaan die geartikuleerde klanke en klankreekse waaraan 'n bepaalde betekenis geheg is.

Die wêreld bevat 'n groot aantal menserasse en dus ook mense-tale, wat baie verskille vertoon bv. na gelang van die trap van beskawing wat 'n bepaalde menseras bereik het. Reeds van die vroegste tye af het die menslike gees hom besiggehou met die vraag, wat die oudste taal kon gewees het.

Die wetenskaplike ondersoek het die tale van die aardbol ingedeel in stamme, famielies en groepe, wat deur bepaalde punte van ooreenkoms 'n eenheid vorm. So is daar die Indo-germaanse taalstam met die famielies: Indiese, Griekse, Latynse, Germaanse, Romaanse en Slawiese tale; die stam van die Kaffertale; die van die tale wat op die duisende eilande in die Stille Suidsee gepraat word en baie meer.

Sommige tale is beter bestudeer as ander, omdat die volk wat die taal gepraat het of nog praat, 'n belangrike letterkunde in die lewe geroep het. Dis vir die skrywer van groot gewig dat hy die taal waarvan hy hom bedien in al sy fynhede ken. Dis vir die hele volk van net so groot gewig, teneinde sy skrywers te kan verstaan en waardeur. Die geskiedenis het geleer dat die taal 'n baie belangrike rol speel in die versterking van die volksbewussyn; vandaar die bekende uitspraak: "de taal is gans het volk."

**Afrikaans 'n Germaanse Taal.**

§ 2. Afrikaans is 'n lid van die Germaanse taalfamilie waartoe Nederlands,\* Vlaams, Duits, Engels, Sweeds, Noors en Deens behoort. Al hierdie tale vertoon verskillende dialekte of streeksprake; so kan 'n mens bv. in Duits Beiers onderskei van Nederduits; in Engels Northumbries van die dialek van Wessex.

Die Dietse taal word vandag in sy onderskeie vorme gepraat deur omtrent dertien miljoen mense, in die Koninkryk Nederland, in Vlaandere, Suid-Afrika, Nederlands Oos- en Wes-Indië, en kleiner of groter kolonies of neersittings oor die hele wêreld, veral in Amerika. Van wetenskaplike standpunt is Hollands, Seeus, Gronings, Limburgs, Gelders, Fries, Oos-Vlaams, Wes-Vlaams en Afrikaans almal dialekte van die Dietse taalgroep. By mensegroepe met 'n meer ontwikkelde ras- of nasionaliteitsbewussyn word egter gewoonlik gepraat van tale, en dit is die geval met Afrikaans, Vlaams, Fries, sowel as met Nederlands, wat almal buitendien 'n eie letterkunde besit.

**Afrikaans 'n Dietse Taal.**

§ 3. Afrikaans is die jongste Dietse taal, wat hom sedert die sewentiende eeu selfstandig ontwikkel het uit meer as één Nederlandse dialek. Die Nederlandse koloniste wat hulle hier in Suid-Afrika gevestig het, was uit verskillende streke afkomstig; en later het daar Franse, Duitsers, Engelse en mense van ander nasionaliteite bygekom, wat in meerdere of mindere mate invloed uitgeoefen het op die verdere ontwikkeling van die taal.

Die studie wat hom besighou met die ondersoek van daardie ontwikkeling, heet historiese grammatika †; 'n werk waarin die toestand van 'n taal in 'n bepaalde periode behandel word, heet beskrywende grammatika. 'n Goeie beskrywing van 'n taal kan alleen gelewer word as

---

\* *Nederlands* word in hierdie werk enkel gebruik vir die taal van die Koninkryk Nederland, *Hollands* vir die taal van die provinsies Noord- en Suid-Holland, *Diets* as versamelnaam vir Nederlands, Vlaams en Afrikaans.

† *Grammatika*, van die griekse woord *gramma* = geskrewe letter, het oorspronklik beteken: "die kuns om goed te skrywe."

daar eers historiese ondersoek gedaan is oor die vroeëre periodes. Die kennis en die studie van Nederlands sal dus altyd die basis moet vorm vir 'n histories-juiste begrip van Afrikaans; ook sal 'n kennis van die Nederlandse letterkunde daardeur bevorder word, wat kragtens die noue verwantskap tussen die twee tale altyd invloed sal bly uitoefen op Afrikaans as letterkundige taal. In hierdie werk word enkel beoog 'n beskrywing van die Afrikaanse taallewe van vandag, terwyl die historiese ontwikkeling alleen waar wenslik in kort sal aangedui word.

### **Ontstaan van Afrikaans.**

§ 4. Die eienaardige karakter van Afrikaans sal vir 'n deel te danke wees aan die omstandigheid dat Suid-Afrika so ver van die moederland af lê. Die betrekkinge wat die ou koloniste met hulle landgenote onderhou het, moes noodwendig deur die betreklik geringe verkeer verslap. Die onderwys in die Nederlandse taal kon deur maatskaplike omstandighede hier nooit so doeltreffend gewees het as tuis nie; en hoe meer die kolonie hier uitgebrei het, hoe meer die mense op verspreide plase gaan woon het, des te geringer het die geleentheid geword om hulle taal gereëld te toets aan die van die moederland. Net soos sy sedes en gewoontes, is die taal van 'n volk onderhewig aan invloede van woonplek, klimaat en omgewing. Die omgang met die inlandse bevolking moes noodwendig sy spore afdruk op die taal van die blanke koloniste. Die mense het hier baie nuwe dinge leer ken, soos plante, diere en voorwerpe, waaraan hulle name moes gee; hulle leefwyse was hier anders as in Nederland, waardeur hulle denkwyse kon verander het. Teenoor al hierdie invloede staan egter as die magtigste faktor vir die behoud van die Nederlandse karakter van Afrikaans die Statebybel.

### **Dialekte.**

§ 5. Die vraag sou kan geopper word of Afrikaans nie ook in afsonderlike dialekte kan verdeel word nie, net soos Nederlands en ander Europese tale. Die antwoord hierop lui ontkenkend. Want al is Suid-Afrika ook 'n besonder uitgestrekte gebied in vergelyking met Nederland bv., tog het die taal-ondersoek tot dusver algemeen 'n groot eenvormigheid gekonstateer oor die hele Afrikaanse taalgebied. Dit is seker 'n merkwaardige

verskynsel, gesien die feit dat Kaapland sedert die begin van die neëntiende eeu aan oorheersende Engelse invloede in staat, skool en kerk blootgestel was, wat nie die geval was met die Voortrekkers en hulle nakomelinge in die later gestigte Boere-republieke nie.

Die Voortrek het die Afrikanervolk feitlik in twee afsonderlike dele gesplits met Engels as offisiële landstaal in die Suide en Hooghollands in die Noorde, 'n toestand wat voortgeduur het tot aan die end van die neëntiende eeu. Voeg daarby nog allerlei ander faktore (isolement, gebrek aan taalonderwys, invloed van inboorlingtale, ens.), wat verbrokkeling van die taaleenheid in die hand kon gewerk het, en dit moet bevremding wek dat die Afrikaanse spraakgebied in sy geheel nog so weinig dialektiese afwykinge vertoon.

Ons noem hier enkele oorsake as 'n moontlike verklaring van hierdie verskynsel. 'n Dialek berus in die ouer lande op verskille in die volkstamme, soos die al eeue en eeue bestaan. Die name van die Nederlandse dialekte soos Fries, Saksies, Frankies, Brabants, Vlaams, is tewens name van ou Germaanse stamme. Nou is dit duidelik dat so iets in Suid-Afrika nooit bestaan het nie; want al is die nasie opgebou uit verskillende Europese elemente, daardie elemente het nooit aparte volksgroepe in aparte streke gevorm nie. Miskien kan hier 'n uitsondering gemaak word vir die Franse Hugonote, wat hulle in Franshoek, Paarl, Drakenstein en Wamakersvlei gevestig het, en dus aanvanklik wel 'n afsonderlike groep gevorm het. Maar hulle het betreklik gou met die orige bevolking vermeng geraak, omdat hulle te gering in aantal was om hulle bestaan as afsonderlike groep te handhaaf. Daarom het hulle taal spoedig verdwyn en kon dit dus ook nie die wording van 'n eenheidstaal, van 'n algemene volkstaal belemmer nie.

Maar dat hierdie eenheidstaal (wat ongetwyfeld reeds gevorm was vóór Engeland op die toneel verskyn het) nie *later* dialektiese verbrokkeling ondergaan het nie, moet waarskynlik toegeskryf word hoofsaaklik aan twee belangrike faktore: die bewarende invloed wat die taal van die Bybel en die godsdiens enersyds en die Hooghollandse skryftradisie andersyds uitgeoefen het op die spreektaal.

Natuurlik kan daar gewestelike verskilpunte in die spreektaal gekonstateer word in verskillende dele van die Unie, wat betref woordbetekenis, woordgebruik, uitspraak en sinsbou,

## INLEIDING.

maar nie in voldoende mate om 'n indeling in dialekte te regverdig nie. Selfs nie as ons die minder beskaafde kleurling-Afrikaans daarby in aanmerking neem nie, wat hoogstens aanleiding sou kan gee tot die benaming *rasdialek*.

### **Spreektaal en Skryftaal.**

§ 6. In tale wat geskrywe word bestaan daar 'n onderskeid tussen spreektaal en skryftaal. Hierdie onderskeid kan uit verskillende oorsake voortspruit. Reeds van jongs af word 'n kind geleer om sommige woorde en uitdrukkinge van die spreektaal nie in skrif te gebruik nie. Later merk hy self die verskil op tussen die taal van sy skoolmaats en bv. die preek van 'n dominee; hy besef die erns en wyding van die kerktaal en godsdiensttaal bo die alledaagse omgangstaal. En as hy self begin te skrywe, vind hy uit dat aan 'n brief of opstel besondere sorg moet bestee word en dat hy nie somar kan skryf soos hy praat nie. Hy leer insien dat skrywe 'n beter deurdagte en dus beter gestileerde manier van praat is.

In Suid-Afrika was daar in die verlede nog 'n besondere omstandigheid wat 'n onnatuurlike kloof geskep het tussen praat en skryf, die feit nl. dat tot kort gelede alleen Hooghollands en Engels die twee offisieel erkende vorme van die skryftaal was. Met die erkenning van Afrikaans moes dus 'n heeltental nuwe skryfstandaard geskep word met die beskaafde spreektaal as grondslag, maar dit spreek vanself dat Engels sowel as Hooghollands 'n baie sterk invloed uitgeoefen het op die nuwe skryftaal. Dit gaan nie so maklik om dadelik 'n ou ingewortelde skryftradisie deur 'n ander te vervang nie. Gaandeweg kom daar egter meer eenvormigheid op suiwer Afrikaanse grondslag, sodat ons vandag al kan begin praat van 'n standaard-Afrikaans.